basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

ONTWERP V1

(TEORIE)

MEI/JUNIE 2026

PUNTE: 100

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.
Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

2. Daar is DRIE keusevrae in hierdie vraestel. Lees die opsies aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Ontwerpgeletterdheid (30 punte)
   VRAAG 1 tot 3

   AFDELING B: Ontwerpgeskiedenis (30 punte)
   VRAAG 4

   AFDELING C: Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks (40 punte)
   VRAAG 5 en 6

4. Lees die vereistes van elke vraag aandagtig deur.

5. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van feite. MOENIE in tabelvorm antwoord NIE.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Verkeerde nommering sal NIE krediet kry NIE.

7. Beantwoord al die kolpunte ('bullets') wat by elke vraag vereis word.

8. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.

9. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet bestee.

10. Skryf netjies en leesbaar.

WOORDELYS	
'Mansplain':	'n Term wat gebruik word om die ondervindings van vroue te beskryf wat dikwels by die werkplek onderbreek, geïgnoreer of verkleineer word, in die meeste gevalle deur mans
Vooroordeel:	'n Praktyk wat onregverdige partydigheid/voorkeur vir 'n onderwerp, 'n persoon 'n opinie of 'n standpunt behels
Dryfhout:	Stukke hout wat op die strand gevind word. Hout wat in die oseaan dryf, word dikwels op die strand in 'n verbleikte, verweerde vorm gevind, wat 'n estetiese werking vir gebruik in ontwerpverwante produkte skep.
Beliggaam:	Sluit in/Verteenwoordig of staan vir 'n spesifieke standpunt of opinie
Inheems:	Die oorspronklike inwoners of die oorspronklike vorm/kulturele artefakte/kunsvoorwerpe van 'n plek/gebied

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.

1.1



FIGUUR A: **Ankara-geïnspireerde** muurpapier deur Robin PH (VK), 2023.

1.1.1 Analiseer die gebruik van die volgende elemente en beginsels met verwysing na die muurpapier in FIGUUR A hierbo:

- Lyn
- Fatsoen
- Ritme
- Beklemtoning (4 x 2) (8)

1.1.2 Bespreek die effek van die muurpapier-ontwerp as deel van die vertrek se interieur in FIGUUR A hierbo. (2)
[10]

OF

1.2



FIGUUR B: **Tafellamp**, ontwerper onbekend (VSA), 2022.

1.2.1 Analiseer die ontwerp in FIGUUR B hierbo deur na die volgende elemente en beginsels te verwys:

- Vorm
- Tekstuur
- Kontras
- Beweging (4 x 2) (8)

1.2.2 Dink jy die tafellamp in FIGUUR B is 'n veilige produk? Gee redes vir jou antwoord. (2)

[10]

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP

2.1



FIGUUR C: **Breek die Vooroordeel-notaboek('Break the Bias Notebook')-**plakkaat deur die Warehouse Group (Nieu-Seeland), 2020.

2.1.1 Bespreek die tipe vooroordeel waaraan aandag gegee word in die plakkaat, 'Break the Bias Notebook' in FIGUUR C. Verwys na die visuele beeld/prent en uitleg in jou bespreking. (3)

2.1.2 Bemagtig die omslag van die 'Bias Notebook' die gebruiker? Motiveer jou antwoord. (1)

2.2



FIGUUR D: **Dryfhout-lig** deur High Thorn (Suid-Afrika), 2015.



FIGUUR E: **Parsi Debons Medusa-plastiekpyp-lig** deur Gudy Herder (Nederland), 2022.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die twee kandelaarontwerpe in FIGUUR D en FIGUUR E vergelyk, met verwysing na die volgende:


- Materiaal
- Kleur
- Moontlike invloede (3 x 2) (6)

[10]

VRAAG 3: ARGITEKTUUR

Beantwoord VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2 ÓF VRAAG 3.3.

3.1



FIGUUR F: **Griekse tempel, die Erechtheion** (Griekeland), 421 VHJ.



FIGUUR G: **Akropolis-museum** (Griekeland), 2009.

3.1 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die Antieke Griekse tempel in FIGUUR F met die kontemporêre museum in FIGUUR G vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Invloede OF Versiering
- Materiale
- Konstruksie/Tegnologie
- Belangrikheid van ligging/terrein
- Funksie (5 x 2) **[10]**

OF

3.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke gebou/ struktuur of Klassiek-geïnspireerde gebou/struktuur met enige kontemporêre gebou/struktuur wat jy bestudeer het, vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Invloede OF Versiering
- Materiale
- Konstruksie/Tegnologie
- Belangrikheid van ligging/terrein
- Funksie (5 x 2) **[10]**

OF

3.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy enige Klassieke gebou/ struktuur of Klassiek-geïnspireerde gebou/struktuur met enige Inheemse Kennisstelsels-gebou/-struktuur wat jy bestudeer het, vergelyk.

Verwys na die volgende in jou vergelyking:

- Invloede OF Versiering
- Materiale
- Konstruksie/Tegnologie
- Belangrikheid van ligging/terrein
- Funksie (5 x 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die visuele beelde (prentjies) hieronder en beantwoord die vraag op die volgende bladsy.


Kuns en Kunsvlyt


Art Nouveau


Bauhaus


Art Deco


Modernisme


Skandinawies


Pop-ontwerp


Dekonstruktivisme

'Geen ontwerp werk nie, tensy dit idees insluit wat as algemeen beskou word deur die mense vir wie die voorwerp bedoel is.' – Adrian Forty

Kies TWEE bewegings uit die lys hieronder en skryf TWEE aparte opstelle (EEN bladsy elk) waarin jy verduidelik hoe die ontwerpbewegings wat jy gekies het, idees beliggaam het (ingesluit het) wat deur die mense as algemeen beskou is.

- Kuns en Kunsvlyt
- Art Nouveau
- Bauhaus
- Art Deco
- Modernisme
- Pop-ontwerp
- Skandinawies
- Dekonstruktivisme

Vir ELKE opstel moet jy na die volgende verwys:


- Bespreek die stelling met verwysing na die beweging wat jy gekies het. (2 punte)
- Verduidelik die doelwitte, invloede en kenmerke van ELKE ontwerpbeweging. (5 punte)
- Noem 'n ontwerp en die ontwerper/ontwerpgroep. (1 punt)
- Sluit 'n bespreking in van die EEN ontwerp wat jy gekies het. (2 punte)

(2 x 10) **[20]**

4.2



FIGUUR H: **De Stijl-klubstoel** deur
Piet Mondrian (Nederland), 1940's.



FIGUUR I: **Postmodernisme-gemakstoele** deur
Philippe Starck (Frankryk), 1987.

Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die stoele in FIGUUR H en FIGUUR I hierbo met mekaar vergelyk, en verduidelik hoe hulle tipies is van die bewegings wat hulle verteenwoordig.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Doelwitte
- Invloede
- Kleur
- Vorm
- Ergonomie (5 x 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

VRAAG 5

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1



FIGUUR J: **Klipmeisie-banke ('Rock Girl Benches')** deur Lovell Friedman (Suid-Afrika), 2014.
Geslagsgebaseerde aanvalle vind in huise, skole en strate plaas, wat die aantal omgewings waarin Suid-Afrikaanse meisies en vrouens veilig voel, verminder.



Detail van **Klipmeisie-banke** deur Lovell Friedman

5.1.1 Bespreek hoe die ontwerp in FIGUUR J die boodskap wat dit oordra, beklemtoon. (4)

5.1.2 In TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk), bespreek hoe sosiokulturele kwessies in die werk van EEN Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep **EN** EEN internasionale kontemporêre ontwerper/ontwerpgroep aangepak word.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN ontwerpproduk (1 punt)
- Bespreking van die doelwitte, ontwerpmateriale en tegnieke wat deur die ontwerper/ontwerpgroep gebruik is (5 punte)
- 'n Verduideliking van hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessies aanpak (2 punte)

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (8 x 2) (16)
[20]

OF

5.2



FIGUUR K: **Kunsmotor i5 – die Vloei Nostokana ('Art Car i5 – the Flow Nostokana')** deur Esther Mahlangu (Suid-Afrika), 2024.

5.2.1 Bespreek die rol van inheemse kunshandwerk in kontemporêre ontwerppraktyk met verwysing na FIGUUR K hierbo. (2)

5.2.2 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy EEN inheemse tradisionele kunshandwerk wat jy hierdie jaar bestudeer het, bespreek.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Naam van die inheemse kulturele gemeenskap wat die tradisionele kunshandwerk vervaardig het (1 punt)
- Die materiale, metodes en prosesse wat gebruik is om die tradisionele kunshandwerk te skep (5 punte)
- Die sosiale waarde en funksie van die kunshandwerk (2 punte) (8)

5.2.3 Skryf 'n opstel (ten minste EEN bladsy) waarin jy die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse of Afrika-ontwerper/-ontwerp-groep bespreek, wie se ontwerpe die aanpassing van inheemse kunshandwerktegnieke weerspieël om unieke en kontemporêre ontwerpe te skep.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- Naam van die ontwerp/ontwerpgroep en EEN kontemporêre ontwerpproduk (1 punt)
- Bespreking van die doelwitte, invloede en materiale van die ontwerper/ontwerpgroep (6 punte)
- Verduideliking van hoe die kontemporêre ontwerpproduk 'n aanpassing en voortsetting van die inheemse handwerktegniek is (3 punte)

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (10)
[20]

VRAAG 6

6.1



FIGUUR L: **Herwinde plantpotte** deur No1 Garden (VSA), 2021.

6.1.1 Verduidelik waarom die herwinde plantpotte in FIGUUR L hierbo as volhoubare ontwerp beskou kan word. (2)

6.1.2 Bespreek TWEE ander maniere waarop huishoudelike afval kreatief herontwerp kan word. (2)

6.2 Skryf TWEE aparte opstelle (ten minste EEN bladsy elk) waarin jy die werk van EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse **EN** EEN kontemporêre internasionale ontwerper/ontwerpgroep bespreek, wie se ontwerpe volhoubaar is en omgewingskwessies ondersoek.

Verwys na die volgende in jou opstelle:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en EEN van hulle ontwerpe (1 punt)
- Doelwitte, materiale en prosesse (5 punte)
- 'n Bespreking van die ontwerpproduk en 'n verduideliking van hoe dit volhoubare/omgewingskwessies aanpak (2 punte)

Jy mag NIE na enige ontwerper/ontwerpgroep wat jy voorheen bespreek het of ontwerpvoorbeelde wat in hierdie vraestel verskyn, verwys NIE. (8 x 2) (16)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou